

Vrydag 28 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:21-29 (AFR83/20)

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:24

Die wet was ons oppasser

As jy die afgelope paar dagstukkies gevolg het, sou jy nou kon wonder waarom die Tien Gebooie nog so 'n kerndeel van ons erediens vorm. Dit klink amper asof die wet (wat die Tien Gebooie insluit) die heelyd mense wil wegvat van die geloof in Christus.

In ons teksgedeelte word dit vir ons duidelik dat die wet nooit op sy eie gestaan het nie, maar die heelyd gewys het na Christus. Daarom lees ons ook met liefde die wet in ons eredienste, want dit wys vir ons na Christus, dit wys vir ons na die geloof.

Die wet was soos 'n verkyker wat die mense moes laat fokus het op Wie God is en wat vir Hom belangrik is. As mens die wet so gebruik het, sou dit duidelik gewees het dat Jesus Christus werklik God is. Die wet moes ook vir die mense gewys het dat geloof in Christus die enigste manier kan wees wat mens gered word. Die wet het gewys en gesmag na iemand wat dit kon vervul, wat die welbehag van God sou kon wegdra. Die wet het uiteindelik sy vervulling in Jesus Christus gekry.

Daarom het die wet gewys na die geloof toe. Die wet het die mense deur al die jare opgepas, sodat hulle gefokus kon bly op die Middelaar wat sou kom. Die geloof het ook deur die wet gewerk om na Christus te wys. Die wet en die geloof kan nie losgemaak word van mekaar nie. Die geloof lei ons ook terug na die wet toe, om daaruit te lewe, omdat dit ons nog steeds laat fokus op Christus.

Sing: Psalm 86-1:1, 6

Ds. Z van't Zand (Zander) (Kameeldrift)